Heidelbergse Kategismus

Sondag: 52

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 52

Vraag127: Wat is die sesde bede?

Antwoord: *En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose*. Dit is: Ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur, nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelik stryd nie beswyk nie, totdat ons eindelik die oorwinning volkome behaal.

Vraag 128: Hoe sluit jy jou gebed af?

Antwoord: *Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid*. Dit is: Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning, wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word.

Vraag 129: Wat beteken die woord *Amen*?

Antwoord: *Amen* wil sê: Dit is waar en seker. Want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer.

Vraag127: Wat is die sesde bede?

Antwoord: *En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose*. Dit is: Ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie



Psalm 103:14–16: want Hy, Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy hou in gedagte dat ons maar stof is. ’n Mens, soos gras is sy lewensdae, soos ’n veldblom, so bloei hy. As die wind oor hom waai, is hy nie meer daar nie en sy plek ken hom nie meer nie.

Johannes 15:5: Ek is die druiwestok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, hy dra baie vrug, want sonder My kan julle niks doen nie.

Vraag127: Wat is die sesde bede?

Antwoord: En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel,



Efesiërs 6:12: Vir ons is die stryd immers nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van hierdie duisternis, teen die bose geeste in die hemelruim.

1 Petrus 5:8: Wees nugter, wees waaksaam! Julle teenstander, die Duiwel, loop rond "soos 'n brullende leeu", op soek na wie hy kan verslind.

Vraag127: Wat is die sesde bede?

Antwoord: En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld



Johannes 15:19: As julle van die wêreld was, sou die wêreld julle as sy eie liefhê. Omdat julle egter nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het, juis daarom haat die wêreld julle.

Vraag127: Wat is die sesde bede?

Antwoord: En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur,



Romeine 7:23: maar ek sien 'n ander wet wat in my ledemate oorlog voer teen die wet van my verstand en my krygsgevange neem deur die wet van die sonde wat in my ledemate is.

Galasiërs 5:17: Want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees begeer teen die vlees; die twee opponeer mekaar, sodat julle dit wat julle ook al wil, nie kan doen nie.

Vraag127: Wat is die sesde bede?

Antwoord: En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur, nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelik stryd nie beswyk nie,



Matteus 26:41: Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak."

Markus 13:33: Pasop en wees waaksaam, want julle weet nie wanneer die vasgestelde tyd daar is nie.

1 Korintiërs 10:12–13: Daarom moet hy wat dink hy staan, oppas dat hy nie val nie! Geen versoeking het oor julle gekom, behalwe 'n menslike een nie. God is egter getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle vermoë versoek word nie, maar sal saam met die versoeking ook uitkoms gee, sodat julle dit kan verduur.

Vraag127: Wat is die sesde bede?

Antwoord: En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur, nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelik stryd nie beswyk nie, totdat ons eindelik die oorwinning volkome behaal.



1 Tessalonisense 3:13: Mag Hy julle harte versterk, sodat julle met die koms van ons Here Jesus, saam met al sy heiliges, onberispelik in heiligheid voor ons God en Vader kan wees. Amen.

1 Tessalonisense 5:23: En mag God self, die God van vrede, julle in elke opsig heilig maak; en mag julle volledig na gees, siel en liggaam, vlekkeloos bewaar word, tot ons Here Jesus Christus kom.

Vraag 128: Hoe sluit jy jou gebed af?

Antwoord: *Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid*. Dit is: Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning, wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee



1 Kronieke 29:10–12: Daarop het Dawid die HERE ten aanskoue van die hele geloofsgemeenskap geprys. Dawid het gesê: "U moet geprys word, HERE, God van ons vader Israel, van altyd af en vir ewig. Aan U, HERE, behoort die grootheid, die sterkte, die luister, die roem en die majesteit – ja, alles in die hemel en op die aarde. Aan U, HERE, behoort die koningskap, en U is as hoof verhewe bo alles. Rykdom en eer kom van U, en U regeer oor alles. In u hand is krag en sterkte, en dit is in u hand om enigiemand groot en sterk te maak.

Romeine 10:11–13: Die Skrif sê tog: "Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaamd staan nie." Dit maak inderdaad geen verskil of jy 'n Jood of 'n Griek is nie. Ons het almal dieselfde Here, en Hy deel sy rykdom uit aan almal wat Hom aanroep. Want "elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal verlos word."

2 Petrus 2:9: dan weet die Here tog baie goed om daardie mense wat godvresend leef, uit versoeking te red, maar ook om die onregverdiges tot op die dag van oordeel gevange te hou, sodat hulle gestraf kan word

Vraag 128: Hoe sluit jy jou gebed af?

Antwoord: *Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.* Dit is: Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning, wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee, sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word.



Psalm 115:1: Nie aan ons nie, HERE, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe, oor u troue liefde, oor u bestendigheid.

Jeremia 33:8–9: Ek sal hulle reinig van al hulle sondeskuld waarmee hulle teen My gesondig het. Ek sal al hulle sondeskuld vergewe waarmee hulle teen My gesondig en teen My oortree het. En Jerusalem sal vir My ’n naam wees wat vreugde verskaf – as ’n lofprysing en ’n sieraad by al die nasies van die aarde wat sal hoor van al die goeie dinge wat Ek vir hulle doen. Hulle sal sidder en beef oor al die goeie dinge en oor al die voorspoed wat Ek vir haar voorsien.’

Johannes 14:13: En wat julle in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik mag word.

Vraag 129: Wat beteken die woord *Amen*?

Antwoord: *Amen* wil sê: Dit is waar en seker. Want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer



2 Korintiërs 1:20: Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle "ja"; daarom sê ons deur Hom "amen" aan God, tot sy eer.

2 Timoteus 2:13: as ons ontrou is, Hy bly getrou, want Hy kan Homself nie verloën nie.

SONDAG: 52 - VRAAG EN ANTWOORD: 127

Vraag: Wat is die sesde bede?

Antwoord: En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie.[1] Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel,[2] die wêreld[3] en ons eie sondige natuur,[4] nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelik stryd nie beswyk[5] nie, totdat ons eindelik die oorwinning volkome behaal[6].

1 Psalm 103:14–16; Johannes 15:5
2 Efesiërs 6:12; 1 Petrus 5:8
3 Johannes 15:19
4 Romeine 7:23; Galasiërs 5:17
5 Matteus 26:41; Markus 13:33; 1 Korintiërs 10:12–13
6 1 Tessalonisense 3:13; 1 Tessalonisense 5:23

SONDAG: 52 - VRAAG EN ANTWOORD: 128

Vraag: Hoe sluit jy jou gebed af?

Antwoord: Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Dit is: Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning, wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee[1] sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word[2].

1 1 Kronieke 29:10–12; Romeine 10:11–13; 2 Petrus 2:9
2 Psalm 115:1; Jeremia 33:8–9; Johannes 14:13

SONDAG: 52 - VRAAG EN ANTWOORD: 129

Vraag: Wat beteken die woord Amen?

Antwoord: Amen wil sê: Dit is waar en seker. Want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer[1]

1 2 Korintiërs 1:20; 2 Timoteus 2:13

Kopiereg

© 2026